UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD | JAAR 18 # 3 • 26–4–2010 • YEAR 18 # 3 | MONTHLY STAFF NEWSLETTER

# OSP-VELDTOG INTERN AFGESKOP




## *Dit gons op kampus!*

'n Stempos-boodskap van die Rektor, reuse-baniere gedrapeer teen geboue, aanbiedings in fakulteite en die steundienste-omgewing en inspirerende boodskappe laatnag teen Universiteitsgeboue geprojekteer. Dit is duidelik: iets is aan die gebeur.

Dít is die kampuswye gevoel nadat maande se beplanning rondom die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) op 14 April uitgeloop het op die interne afskop van die veldtog. Die veldtog nader nou 'n openbare fase wat volgens alle aanduidings in Julie sal wees.

Maar, sê die projek se hoofkoördineerder, prof Tobie de Coning, Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne en hoofkoördineerder van die OSP, voordat die Universiteit die buitewêreld kan inlig oor sy toekomsplanne, is dit noodsaaklik dat daar intern ondersteuning vir die veldtog moet wees.

Hy sê dié "inkoop moes veel meer wees as net 'n afgewentelde aanbieding oor die jongste verwikkelinge. Met die aanbiedings in nege fakulteite en die steundienste wou ons sien dat dit ook personeel en studente se harte raak, dat hulle self begin insien hoe Stellenbosch die wêreld kán verander – deur sy keuse om met sy kernfunksies van onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie vyf gekose ontwikkelingstemas te ondersteun."

Op 14 April het die dekane aanbiedings gemaak oor die werk wat reeds in fakulteite gedoen word.

### Ons glo...

"Die boodskap dat ons personeel en studente in hul eie vermoë en dié van die Universiteit moet glo om 'n verskil te maak, is versterk deur die kragtige visuele elemente wat die interne bekendstelling gekenmerk het," verduidelik mnr Mohamed Shaikh, Senior Direkteur: Kommunikasie en Skakeling – oorhoofs verantwoordelik vir die kommunikasie van die veldtog. "Daarom is die woorde 'Ons glo/Believe' as agtergrond-boodskap op bemarkingsmateriaal vir die interne veldtog ingespan."

Dié boodskap het wye bespreking onder personeel en studente uitgelok – die meeste daarvan gunstig. "Sommige het 'n religieuse betekenis daaraan gekoppel; ander het dit as arrogant ervaar of dit gesien as 'n nuwe logo en slagspreuk vir die Universiteit, maar dít was hoegenaamd nie die bedoeling nie," voeg mnr Shaikh by.

"Kernbelangrik is om personeel en studente aan die praat te kry. Dis veral in hierdie verband dat die interne bekendstelling 'n groot sukses blyk te wees."

(blaai na bl.5)

## *One large team, changing lives*

"We are one large team, working together to ensure that we end up stronger than before – and we are changing the world for the better," said Prof Russel Botman in his presentation to support services staff on 14 April.

The Rector's presentation, and those of the various deans in nine faculties, focused on what has already been achieved – and how this can affect and change people's lives.

Prof Botman invited staff members to walk the road of hope together with the University. There is still great excitement about the OSP (Overarching Strategic Plan) projects, he said – but pointed out that this is only one aspect of the campaign. Much work that impacts directly on the University's chosen development themes is being done in faculties and by the various support services.

Even SU's core function of training professionals in various fields of expertise in the faculties, slots in with the development themes. "This points to the fact that staff and students already are applying science to tackle the world's biggest challenges," said the Rector.

Though the presentations had the same common angle, each faculty applied it to its own needs. The Law Faculty, for instance, used the occasion to introduce postgraduate study to undergraduate students. In other faculties too, there are interesting and highly relevant research opportunities, within the OSP initiatives as well as in other areas of specialisation.

The good turnout at each presentation on 14 April "proves that our campus community is interested and cares about this – despite differences among staff members about how to approach the campaign or even the rationale behind it. All the work that was done in the run-up to the event is a good example of excellent co-operation between staff of our faculties, Facilities Management, Protection Services and Advancement staff," said Prof Botman.

"It is important that the University community continues working together as a team, to ensure a successful campaign." The theme of the external launch in July will differ from the internal campaign's WE BELIEVE message. The external campaign will not be a once-off event, but a continuous campaign consisting of various elements, and will run till at least 2015.

## *Pieter Kloppers word nuwe sentrum se direkteur*

Mnr Pieter Kloppers, Bestuurder: Studentebehuising sedert 2005, is aangestel as Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe, 'n nuwe pos. Dié nuwe sentrum bestuur studente se koshuis- en kampuslewe, in universiteitshuisvesting én privaatwyke.

Dit ontwikkel kennis, vaardighede, ondervinding en selfvertroue by studente – om gesonde gemeenskappe ("healthy communities") te help vorm en ondersteun, sê Kloppers.

"Die sentrum is ingestel op die vernuwing van studentekultuur, 'n beter universiteitsbelewenis vir studente, die vestiging van leer- en leefgemeenskappe, die bevordering van integrasie tussen koshuis- en privaatstudente, die ontwikkeling van studenteleierskap, en om belyning te bring tussen studente se ervaring in en buite die klas."

Hy sê die sentrum dra veral "op 'n sistemiese wyse by tot die vorming van meer geïntegreerde leef- en leergemeenskappe – soos in die kluster-/ResEd-konteks – om 'n beter en voller universiteitsbelewenis met gepaardgaande beter akademiese resultate te skep. Dit geld vir almal, die privaatstudente en dié in koshuise."

Pieter Kloppers het onder meer BComm (Regte), LLB en LLM aan die US behaal, én 'n meestersgraad by die Wêreld-handelsinstituut in Switserland waar hy vir 'n jaar lank deel was van 'n klas met studente uit 19 lande.

Nadat hy by die US handelsreg gedoseer het, was hy onder meer koördineerder van Studentekultuurvernuwing en Koshuislewe asook waarnemende studentedekaan in 2004. Hy was 'n lid van die US se Institusionele Forum, voorsitter van die taakgroep vir die formulering van US-beleid oor die Institusionele Kultuur en was inwonende hoof van Goldfields.

Vroeër was hy betrokke by die Sport vir Christus Aksie SA, Stellenbosch Vigsaksie en (as stigterslid en tesourier) die Stellenbosse Vredeskomitee.

Hy het kongresse oor studentebehuising in die VSA en Kanada bygewoon en Sierra Leone in 2003 besoek as 'n afgevaardigde van die Wêreld-Handelsorganisasie.

Kloppers, die pa van drie kinders, is 'n atletiek- en netbalafrigter en was kaptein en ondervoorsitter van die Maties se atletiekklub.



Mnr Pieter Kloppers

Op die Web / On the Web: http://www.sun.ac.za/kampusnuus




**RESEARCH** *Game is more than just meat* 3




**NUUS** *SA Akademie vereer vier uit ons geledere* 4



**NEWS** *Prestige event for top-performers and their lecturers* 6



**MUSIC** *New string quartet a milestone* 7



**PRET** *Só lyk dit by spreekkamers op Vrydae* 8

## FROM THE EDITOR'S DESK / VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



"Before you believe, nothing is possible." This was one of many striking messages reaching us on campus earlier this month. On the front cover and pages 4-5 in this issue of *Kampusnuus*, we give a glimpse of all the numerous activities around the University's internal OSP campaign – with its message, WE BELIEVE.

"It is important that the University community continues working together as a team, to ensure a successful campaign," said the Rector.

The campaign on campus included nine faculty presentations and one for support services staff – to showcase the work being done at the University, and how it influences and changes people's lives. The campaign promoted and celebrated a campus-wide understanding and ownership of our University's vision of hope-inspiring work.

The message is clear: staff and students must believe in their own abilities, and the ability of our University, to make a difference in the world – to apply their academic expertise, as they already do, to tackle the world's biggest challenges.

Following the campaign on campus this month, there will be an external one in July – and that will be a continuous campaign, including various elements, and it will run till at least 2015.

Also in this issue of *Kampusnuus*, we feature the response to a national study by the Higher Education Aids Programme that found that specific challenges still needed to be confronted on campus, even though the prevalence of HIV at the university was only 0,3%. Our University, however, remains concerned about the threat posed by HIV/Aids and will not relax its efforts to prevent new infections.

The University's 270 evaluated researchers mirror the world-class research being done here, said the Vice-Rector: Research when these researchers were honoured at a prestige event on campus, attended by the former Minister of Science and Technology who emphasised how impressed he is with the research being done at our University.

A world leader in the field of publishing has signed a far-reaching agreement with the University – one that strengthened the University's international competitiveness and advances its role in contributing to real development in Africa. We also report on four Stellenbosch academics who have been named for awards later this year by the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Two American diversity experts were on campus to share their experiences about doing research for their book *Privilege and Diversity in the Academy* – about the intersectionality between race and gender, and how it relates to higher education institutional culture. They researched the 40-year process by which American universities diversified their former all white and all male faculties.

South African writer Zoë Wicomb was honoured when the Department of English (with the University of London's School of Oriental and African Studies as co-host) presented an international conference on campus. Scholars and students from East and Central Africa, Australia as well as the UK and USA attended the event.

I'm saying goodbye again, after caretaking two issues of *Kampusnuus* for editor Lynne Rippenaar, who was on sick-leave. She's recovered now and back in her office – preparing for the next issue of *Kampusnuus* at the end of May. Welcome back, Lynne!

*Hans*

KAMPUSKLETS OPPIE ROOIPLEIN!



# STUDIE BIED GELEENTHEID VIR INTROSPEKSIE BY US

Voor ons ons suksesse in die stryd teen MIV vier, moet ons met mekaar in gesprek tree want daar wag nog 'n groot taak op ons, skryf MONICA DU TOIT, bestuurder van die Universiteit se Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering. (Lees ook *HIV prevention a priority at SU* op bl. 2.)

"Die bevindings van 'n studie oor die voorkoms van MIV onder personeellede en studente van hoëronderwysinstellings, is met gemengde gevoelens ontvang.

Sou die bekendmaking van die relatiewe lae vlakke van MIV-voorkoms 'n nuwe vlaag van apatie en onbetrokkenheid meebring? Of sien universiteite 'n geleentheid raak om leierskap te toon en die MIV/vigs-epidemie onder beheer te bring?

Dit is opvallend dat ontkenning en ongeërgdheid kan volg op sowel skokkende hoë as onverwagse lae syfers. In die media is die afgelope ruk wyd verslag gedoen oor die feit dat die voorkoms van MIV onder universiteitstudente en -personeellede aansienlik laer is as wat verwag is.

Met dié bekendmaking is die belangstelling om 'n lewendige gesprek te voer oor MIV-persepsies en -gedrag op die oog af geblus. In werklikheid bied hierdie geskiedkundige studie ons egter 'n unieke geleentheid om die realiteit op ons kampusse beter te verstaan – gegrond op empiriese data.

Vir die Universiteit Stellenbosch het die studie nuwe lig gewerp op spesifieke menings en gedrag van personeellede en studente wat nog nie vantevore nagevors is nie. Byvoorbeeld: Is die feit dat Stellenbosch 'n relatief konserwatiewe kampus is met sterk steun vir monogame verhoudings en 'n uitgestelde toetrede tot seksuele verhoudings 'n beskermende faktor? Of is dit juis hierdie benadering wat individue met risiko vir MIV isoleer en ontmoedig om van kampusdienste gebruik te maak?

Volgens die studie voel studente en personeellede wat wel met MIV saamleef, geïsoleer. Hulle vrees hul kollegas sou hulle nie ondersteun as hulle oop kaarte oor hul status speel nie.

Die US het 'n lae MIV-voorkoms, maar ons kan nie die goeie vordering wat ons met MIV-voorkoming en -onderrig gemaak het, vier sonder om te erken dat persepsies oor MIV en die stigmatisering wat daarmee gepaard gaan, nie genoegsaam verander het nie.

Nog 'n voorbeeld: Volgens die studie meen net 30% van respondente dat vroulike studente veilig is teen seksuele teistering op kampus. Behoort ons nie hierdie en ander persepsies te bespreek nie? En indien wel, moet elke afdeling nie self die leiding neem om die gesprek aan die gang te sit nie?

Wat basiese kennis oor MIV betref: Is dit regtig goed genoeg dat net 62% van ons studente weet MIV-oordrag kan deur moedersmelk geskied? Hoekom weet net 55% van Maties dat MIV-voorkomende medikasie ná verkragting beskikbaar is? Wie sal die nodige inligting reg oordra as ons personeellede nie self oortuig is dat MIV-kundigheid 'n akademiese prioriteit behoort te wees nie?

Die US se MIV-voorkoms impliseer dat slegs enkele studente en personeellede met die werklikheid van MIV gekonfronteer word. As die res van ons universiteitsgemeenskap aanneem dat die situasie in Stellenbosch die groter realiteit in Suid-Afrika getrou weerspieël, het ons 'n ernstige probleem.

Ja, die studie bevat interessante data, maar belangriker – dit gee ons die geleentheid om relevante kwessies met mekaar te bespreek en krities te dink oor ons gedrag en prioriteite aan 'n waardegedrewe universiteit wat 'n boodskap van hoop wil uitdra."

*Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en* Kampusklets oppie Rooiplein! *is dié van die betrokke indiwidu en nie noodwendig die standpunt van die* Kampusnuus-*redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

BRIEWE

## E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

## Wéés die verandering wat jy wil sien

Toe ek op 1 April by die Kommunikasie-afdeling begin werk het, het ek dadelik besef ek het aan die stertkant van 'n baie groot projek ingekom. Iets groot was aan die gang. Kollegas het vir dae lank in sesde rat gewerk en as dit nie was dat almal elke dag vars klere aangehad het nie, sou ek selfs geglo het dat sommige dalk op kantoor geslaap het.

Maar te midde van dié warrelwind van dinge wat aan die gebeur was, was ek in die stilte van die storm. En as ek eerlik moet wees, was die joernalis in my 'n bietjie skepties oor die selfversekerde stelling dat die Universiteit Stellenbosch die wêreld gaan verander.


Maandag het baniere teen Universiteitsgeboue opgegaan en het dit begin gons op kampus. Die idee dat 'n universiteit Suid-Afrika, Afrika en die wêreld se probleme kan oplos, het op my begin groei.

Teen Woensdag toe die Rektor via video by fakulteite sy visie van hoop met personeel en studente deel en ek hoor van die verstommende werk waarmee fakulteite besig is, het ek opgewonde geraak.

Dis egter die aand toe ek op die Rooiplein staan en kyk na die boodskappe wat teen die geboue geprojekteer is, toe dit my getref het: As ék nie kan glo dat die wêreld kan verander nie, dan sal dit nooit. En dit herinner my aan wat Ghandi gesê het: Be the change you want to see in the world.

*– Sonika Lamprecht*

## Jou brief is dalk 'n boek werd



Vir die beste brief in *Kampusnuus* se volgende uitgawe kan die boek *Song in Gold Pavilions – Ronald Stevenson on Music* gewen word. Stuur jou brief teen 17 Mei aan kampusnuus@sun.ac.za of faks dit aan 021 808 3800 of lewer dit af by Kampusnuus in die Admin B-gebou. Die Stellenbosse kampusuitgewer SUN MeDIA en die kampusboekwinkel MY MeDIA verskaf dié wenboek.

Met haar brief *Wéés die verandering wat jy wil sien* (hier langsaan) wen Sonika Lamprecht 'n eksemplaar van *Wetenskaplike Skryfvaardighede: Riglyne vir die skryf van tesisse en proefskrifte*, ook uitgegee deur SUN MeDIA. Lees op bl. 7 van nuwe SUN MeDIA-boeke en besoek www.sun-e-shop.co.za vir meer inligting oor dié uitgewer en boekwinkel.

Send your letter to the Editor: *Kampusnuus* at kampusnuus@sun.ac.za or fax to 021 808 3800 or deliver to Admin B building not later than 17 May 2010. You may use a pseudonym, provided that your name and physical/e-mail address (not for publication) is supplied to the editor.

# 'Kenniswerkers weerspieël US se navorsing van wêreldklas'

**Die Universiteit se 270 geëvalueerde navorsers is 'n toonbeeld van die wêreldklas-navorsing wat hier gedoen word, het prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing, gesê toe die US se geëvalueerde navorsers onlangs by 'n spoggeleentheid op die kampus vereer is.**



Prof Arnold Van Zyl en dr Mosibudi Mangena.

Prof Van Zyl het dié "kenniswerkers" bedank vir hul sleutelbydrae tot die bevordering van die Universiteit as 'n navorsingsgedrewe instelling.

Die geleentheidspreker was dr Mosibudi Mangena, vorige Minister van Wetenskap en Tegnologie wat in Desember verlede jaar 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het. Hy het gesê hy is trots op sy verbintenis met die US – en beïndruk met die navorsing wat hier gedoen word.

US-navorsers moet geleenthede aangryp om hul navorsing se resultate tot die verbetering en opbou van die samelewing aan te wend. "Ons is 'n ontwikkelende land. Dít is ons status," het dr Mangena gesê.

Hy het beklemtoon dat navorsing sentraal moet staan as Suid-Afrika 'n sterk, ontwikkelde land wil wees. "Ons moet ons navorsing gebruik en inspan – en navorsing as loopbaan in Suid-Afrika bevorder. Lande wat nie dít doen nie, gaan altyd agterbly."

Naas navorsingsuitsette word die gehalte en invloed van die navorsing by tersiêre instellings in Suid-Afrika ook weerspieël deur die getal geëvalueerde navorsers by elke instelling – soos geïdentifiseer deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se evalueringstelsel.

Dié stelsel word gebruik om elkeen wat die hoogste standaard van navorsing handhaaf, en ook diegene wat as navorsers sterk potensiaal toon, te identifiseer deur middel van 'n uitgebreide netwerk van Suid-Afrikaanse en internasionale eweknieë. Die evaluerings is gebaseer op die kwaliteit en impak van onlangse navorsingsuitsette, gemeet oor 'n tydperk van agt jaar.

■ Kry by Maryke Hunter-Hüsselmann van die Afdeling Navorsingsontwikkeling, by mh3@sun.ac.za of 021 808 4623, meer inligting oor die evalueringsproses wat deur die NNS geadministreer word.

# HIV prevention a priority at SU

**Stellenbosch University (SU) remains concerned about the threat posed by HIV/Aids and will not relax its efforts to prevent new infections, says Ms Monica du Toit, manager of the Office for Institutional HIV Coordination.**

She was responding to a study by the Higher Education Aids Programme (HEAIDS) that found that specific challenges still needed to be confronted, even though the prevalence of HIV at the university was only 0,3%

It is estimated that fewer than 100 students and staff members at SU live with HIV. This figure is significantly lower than HIV levels in the wider community, but corresponds with the occurrence of HIV at all four Western Cape universities – 1,1% on average.

"The true figure could be higher. The sample was small and had been designed to reflect the national picture. At SU, 789 students and 520 staff members participated," Du Toit said.

The study found that SU's objective of "no new infections" is achievable, and encourages the university community to maintain "the current positive state of affairs" and to entrench it further.

A strong link is made between the relatively low prevalence of HIV and behaviour patterns that reduce risk. It was found that the majority of Maties between 18 and 20 (62%) are not sexually active, and that just over half of the students older than 20 (55%) are sexually active.

The use of condoms is high, and relationships with more than one sexual partner and casual sexual relationship are not common and are also not subjectively accepted as the norm.

The SU's HIV programme "leads the way among higher education institutions," says the report.

Alcohol abuse is one of the problems identified in the report. It can lead to irresponsible sexual behaviour. Just over half the students who participated in the study and 21% of staff reported that they had on occasion been drunk in the preceding month.

A further challenge is the fact that Stellenbosch students and staff living with HIV continue to feel stigmatised and isolated. The needs of high-risk groups are also not entirely addressed by the University's HIV programme.

Du Toit says SU's vision is to be a leader in the field of HIV. "This includes that Maties who enter the labour market should be knowledgeable about HIV. Training, relevant research, community interaction and innovative prevention programmes remain the focus of our approach."

**Title of the study**: *HIV prevalence and Related factors – Higher Education. Sector Study, South Africa, 2008–2009.*

**By**: The Higher Education Aids Programme (HEAIDS), in conjunction with the Department of Higher Education and Training and Higher Education South Africa (HESA).

**Funder**: European Union.

**Purpose**: To collect data on the occurrence and distribution of HIV among students and staff members at 22 institutions of higher education in South Africa. The study also focused on the respondents' knowledge, attitudes and behaviour concerning HIV.

**Sample groups**: Compiled nationally to reflect the demographic profile of each institution. Students and staff members of selected faculties were asked to participate.

**Methodology**: Self-administered questionnaires, dry blood samples, focus group interviews.

**Participation**: Voluntary and anonymous.

■ Visit www.sun.ac.za/hiv, and contact Ms Monica du Toit for a PowerPoint presentation: mdt2@sun.ac.za and 021 808 2864.



Prof Louw Hoffman: Game is more than just meat.

# *Australian university honours Stellenbosch meat scientist*

Prof Louw Hoffman, a top meat scientist at Stellenbosch University, is the 2010 recipient of the prestigious Hector and Andrew Stewart Memorial lecture, part of a lecture series at the University of Western Australia in Perth. He delivered a public lecture there recently on Game: more than just meat.

Hoffman, of the Department of Animal Science in the Faculty of AgriSciences, is recognised as a world leader in his field of research, exotic meats. As a Stellenbosch academic he has been actively involved in the training of postgraduate students and in research with a strong influence on factors influencing the meat quality of exotic game and ostrich meat. He has published over 125 internationally peer reviewed papers and has received numerous awards for his research contributions.

Game meat exports to Europe from both South Africa and Namibia have increased steadily over the past number of years. Hoffman's lecture in Perth explored the possible reasons for this increase as well as the consequences on wildlife numbers in these two countries.

Game numbers have increased because most producers follow a holistic production and marketing strategy that include non-consumptive as well as consumptive use. Non-consumptive use includes photographic safaris and consumptive use includes the selling of live animals, trophy and local hunting as well as commercial harvesting. Threats to this industry formed part of Hoffman's lecture.

# Wêreldleier in uitgewersbedryf kom sluit ooreenkoms

'n Vennootskap met Elsevier, een van die wêreld se voorste uitgewers van wetenskaplike, tegniese en mediese inligting, kan 'n beduidende bydrae lewer tot die US se internasionale mededingendheid.

Die vennootskap is vroeër dié maand op die US-kampus beklink. Dit versterk die Universiteit se daadwerklike rol in ontwikkeling in Suider-Afrika en elders op die kontinent – 'n noodsaaklike deel van die US se strewe na wetenskaplike uitnemendheid en verhoogde sigbaarheid in die internasionale wetenskaplike gemeenskap.

Die Universiteitsbiblioteek hou nou die volledige versameling gepubliseerde Elsevier-vaktydskrifte aan – van die eerste volume se eerste uitgawe af – én Elsevier se volledige e-boekversameling van meer as 7 000 titels.

Vir personeel en studente beteken die vennootskap ongeëwenaarde toegang tot die volledige katalogus vorige elektroniese vaktydskrifte, e-boeke en ander naslaanwerke.

Die vennootskap "stel die Universiteit nou selfs beter daartoe in staat om aan voorpuntnavorsing deel te neem en tot volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika en die streek by te dra," sê prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing.

Hy beskou die vennootskap as 'n hupstoot vir die US se strewe "om 'n navorsingsleier op die Afrikavasteland te word, aangesien dit die nodige inligtingshulpbronplatform bied ter ondersteuning van tersaaklike navorsing om onder andere die ontwikkelingsagenda van die Universiteit ten uitvoer te bring."

Elsevier, met sy hoofkantoor in Amsterdam, het 7 000 werknemers wêreldwyd. Dit is een van die wêreld se voorste uitgewers van wetenskaplike, tegniese en geneeskundige inligtingsprodukte en -dienste.

Die ooreenkoms met Elsevier is nog 'n hupstoot vir die US se toenemende statuur in navorsing oor 'n wye reeks dissiplines in die natuur- en lewenswetenskappe, geneeskunde, tegnologie en sosiale wetenskappe. Dit sluit aan by die Universiteit se voortdurende strewe om die beste akademiese talent aan te lok.

Elsevier se bestuursinligting – gestaaf deur derdeparty-ontledings – toon 'n baie sterk verband tussen 'n instelling se toegang tot beduidende elektroniese versamelings en andersyds publikasie-uitsette en sitaatvlakke.

Die ooreenkoms bied toegang tot raadplegende werksaamhede soos werksessies oor navorsingsprestasie, graderingsontleding en die ondersoek van finansieringsgeleenthede. Elsevier gee ook voortaan prominensie aan die US en sy biblioteekdienste in 'n witskrif wat die resultate van 'n "bewysgegronde e-boekmodel" sal vervat, asook deur die publikasie van die resultate van 'n gesamentlike studie oor die toekomstige rol van die bibliotekaris wat by 'n groot internasionale forum aangebied sal word.

Kampusbedrywighede soos outeurswerksessies, chemie- en neurowetenskap-werkswinkels en loopbaanwerksessies span Elsevier se kundigheid in tot voordeel van US-studente en -personeel. Bykomende aktiwiteite sluit in Elsevier Scopus-databasisopleiding en -bewusmakingsaktiwiteite, en aanlynvasvrae vir studente.

Deur Elsevier se samewerking met wêreldwye wetenskaplike en gesondheidsgemeenskappe word meer as 2 000 vaktydskrifte uitgegee, waaronder *The Lancet* en *Cell*, en bykans 20 000 boektitels asook groot naslaanwerke van Mosby en Saunders. Elsevier se aanlynoplossings sluit in ScienceDirect, Scopus, , MD Consult en SciVal suite .

Die maatskappy is deel van Reed Elsevier Group PLC, 'n toonaangewende internasionale uitgewer en inligtingsverskaffer, wat gesamentlik deur Reed Elsevier PLC en Reed Elsevier NV besit word en in Amsterdam, Londen en New York genoteer is.




Van links, met die sluiting van die ooreenkoms op Stellenbosch: Otavio Hoedjes en Helen de Mooij (Elsevier), Renee Reagon (US Biblioteek- en Inligtingsdiens), Mayur Amin en Josine Stallinga (Elsevier), Ellen Tise (US Biblioteek- en Inligtingsdiens) en prof Arnold van Zyl, Viserektor: Navorsing.

# SA Akademie vereer vier van US



Prof Pieter Kapp



Prof Eddie van Dijk



Prof Paul Brink

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer vanjaar drie US-personeellede en 'n oud-personeellid.

Proff Amanda Lochner en Paul Brink, albei van die Fakulteit Gesondheidwetenskappe, prof Pieter Kapp, president van die US Konvokasie, en prof Eddie van Dijk, 'n navorsingsgenoot by die Departement Plant-en Dierkunde, se toekennings word later vanjaar op 'n plegtigheid op Stellenbosch oorhandig.

Prof Lochner, van die Departement Biomediese Wetenskappe, ontvang die Goue Akademie-medalje vir Natuurwetenskaplike Prestasie en prof Brink (Departement Interne Geneeskunde) die Havengaprys.

Prof Pieter Kapp, afgetrede US-dosent in geskiedenis en nou die US-Konvokasie se president, ontvang die Stalsprys vir geskiedwetenskappe – vir sy werk *Draer van 'n droom: Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – 1909-2009*.

Op grond van sy vele wetenskaplike bydraes oor die jare ontvang prof Van Dijk die Senior Kaptein Scott-medalje.

Die Goue Akademie-medalje vir Natuurwetenskaplike Prestasie (aan prof Lochner) word toegeken vir hoogstaande werk van praktiese uitvinding, of toepassing, en vernuf – gebaseer op wetenskaplike en/of proefondervindelike grondslag. Sy word nasionaal en internasionaal erken as 'n veteraan op die gebied van mediese navorsing. Haar volgehoue navorsingsbydraes, oor meer as 45 jaar, toon steeds 'n stygende kurwe.

Die toenemende sofistikasie en verfyning van prof Lochner en haar medewerkers se metodiek bemagtig haar om voort te gaan om steeds op die internasionale toneel 'n betekenisvolle bydrae te lewer.



Prof Amanda Lochner, wat die Goue Akademie-medalje vir Natuurwetenskaplike Prestasie ontvang.

Die Havengaprys, wat prof Brink ontvang, word jaarliks toegeken vir oorspronklike navorsing op natuurwetenskaplike en/of tegniese gebied. Die nodige vereistes by die beoordeling van kandidate is eerstens navorsingspublikasies en tweedens bewys van die bevordering van Afrikaans. Ander prestasies in belang van die wetenskap word hier ook in aanmerking geneem. Die prys kan net een keer aan dieselfde navorser toegeken word.

Prof Brink het oor die afgelope paar dekades aansienlike, buitengewone bydraes in sy navorsingsveld gelewer – wat betekenisvol tot die bevordering van die diagnose en behandeling van oorerflike hartsiektes bygedra het en wat wye internasionale erkenning geniet.

## *Intreeredes by Gesondheidswetenskappe gelewer*



Proff Mariana Kruger (derde van links, van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid) en Annare Ellmann (regs, van Mediese Beelding en Kliniese Onkologie) het hul intreeredes gelewer – onderskeidelik oor *Kinders, Kanker, Kliniese Proewe en Etiek* en oor *Positron Emission Tomography in a developing country: Waste of money or quality service?* Hulle is hier by dié geleentheid by proff Wynand van der Merwe (Dekaan), Therese Fish, Visedekaan: Gemeenskapsinteraksie), Jimmy Volmink (Visedekaan: Navorsing), Arnold van Zyl (Viserektor: Navorsing) en Marietjie de Villiers (Visedekaan: Onderrig).

## New clinic opens on Tygerberg Campus

The Physiotherapy division (Faculty of Health Sciences) has a sophisticated new clinic. The Physiotherapy and Motion Analysis Clinic is equipped with cutting edge biomechanical technology, including a six camera Vicon system, synchronized with a Bertec forceplate.

This technology enables three-dimensional analyses to diagnose sports, postural, occupational, neurological and ergonomic problems in children and adults. It can be used to prevent injury and rehabilitate functional movement.

A fully equipped rehabilitation area and physiotherapy consultation rooms are on site and the facility boasts emerging new technologies such as Virtual Reality (VR) for pain and rehabilitation.

The clinic opened earlier this year. It is at the heart of research projects into movement related problems relevant within the South African context, including projects conducted with international collaborators.



Prof Quinette Louw (left) and Ms Sjan-Mari van Niekerk in the new clinic.

The highly skilled multidisciplinary team of biomechanists, engineers, rheumatologists and physiotherapists deal with inquiries from researchers and the general public.

■ For more details contact 021 938 9667 or jennyduplooy@sun.ac.za









# Gesprekke op talle platforms weerspieël veldtog se sukses

In 'n samelewing waar honderde boodskappe daagliks meeding om raakgesien of gehoor te word, is dit al hoe moeiliker om doeltreffend te kommunikeer, sê mnr Mohamed Shaikh wat oorhoofs verantwoordelik was vir die kommunikasie van die OSP-veldtog vroeër dié maand. Daarom is 'n allegaartjie van metodes ingespan vir die bewusmaking rondom die interne veldtog.




Toe die naweek van 9 April aanbreek, was daar niks buitengewoon aan ons geboue nie, maar personeel en studente het met hul aankoms op Maandag 12 April onmiddellik die baniere in fakulteitskleure en die korporatiewe maroen opgemerk.

Die boodskap is dieselfde dag versterk deur 'n prioriteitsbulletin van die Rektor aan alle personeel en studente. Dit is daardie Woensdag (14 April) opgevolg met 'n stemboodskap van prof Botman, 'n tydelike nuwe voorkoms vir die webtuiste se landingsblad asook die Boschtelegram aan personeel.

"Die stemboodskap was die enigste beplande selfoonkommunikasie, maar toe die verspreiding daarvan nie verloop het soos ooreengekom is nie, het die diensverskaffer 'n addisionele gratis SMS-boodskap aangebied. Omdat 'n hele paar duisend stemboodskappe aan studente onsuksesvol was, want hul stempos-funksionaliteit was nie opgestel nie, het ons van die SMS-aanbod gebruik gemaak," sê mnr Shaikh.

"Sosiale netwerke is ook ingespan om die kommunikasie te versterk, en die voordeel daarvan is die terugvoering wat ons so op indirekte wyse insamel. Die kommunikasie is afgesluit met die projeksie van aanhalings deur bekendes wat by die ONS GLO/BELIEVE-tema aansluit en 'n opvolgberig oor 14 April se gebeure op die webtuiste.

"Die sukses van die kommunikasieveldtog lê vir ons in die gesprekke wat op talle platforms ontstaan het. Ons vermoede dat relatief min studente e-posboodskappe lees, en moontlik ander e-pos-adresse as hul @sun.ac.za-adres gebruik, is bevestig. Daarom is 'guerilla-taktiek' vir kommunikasie ingespan om gesprek te stimuleer."

Daar word 'n webblad op splinternuwe tegnologie vir die eksterne veldtog geskep wat ook in Julie bekend gestel sal word. Om intussen te verseker dat die kampus-gemeenskap ingelig bly, is 'n interim-blad geskep by: www.sun.ac.za/believe























# Om hoop in aksie om te skakel

(van bl. 1)

Mnr Shaikh sê dit gons behoorlik in die wandelgange van die Universiteit "Ons sien baie uit na die verdere uitrol van die veldtog in opbou na die eksterne bekendstelling in Julie."

Prof Russel Botman, Rektor en Visekanselier, het die rasionaal agter die 'Ons Glo'-tema onlangs in 'n prioriteitsbulletin aan personeel en studente uiteengesit: "Voordat jy nie glo nie, is niks moontlik nie. By die Universiteit Stellenbosch glo ons dat ons ware bouers van hoop is op die Afrika-kontinent, dat ons baanbrekers is in ons toepassing van die wetenskap in diens van die samelewing en dat ons van die wêreld se taaiste uitdagings kan aanpak deur ons bewese sterkpunte en kundigheid aan te wend om hoop in aksie om te skakel."

Om ander oor te haal om ons te ondersteun in wat ons wil bereik, "moet ons tasbare redes kan gee om in ons te glo," het prof Botman gesê. "Ons begaafde studente en personeel, die gesamentlike gehalte van ons leierskap, die uitnemendheid van ons kennis-gebaseerde programme en die wyse waarop ons navorsing, onderrig en gemeenskapsinteraksie afgestem is op ons vyf gekose ontwikkelingstemas, bewys hoe ons hierdie visie in iets tasbaar omskep.

"Deur die innoverende werk wat ons doen om armoede en verwante toestande in ons gemeenskappe uit te wis – en om menswaardigheid en gesondheid, vrede en sekuriteit, demokrasie en menseregte te bevorder, en om 'n volhoubare omgewing en kompeterende nywerheid te verseker – glo ons dat ons die wêreld sal verander."

# Dosente kry kans vir gesels oor onderrig

Die Sentrum vir Onderrig en Leer het begin met 'n projek wat vir dosente geleenthede skep om oor hul onderrig te gesels. Die *Auxin-projek* skep groeigeleenthede vir US dosente. In Grieks beteken *auxano* "om te groei".

Dié groeigeleenthede skop af met Padkossessies, in die middaguur elke laaste Dinsdag van die maand in semestertyd. Padkos as versterking vir die liggaam word verskaf saam met "padkos" vir die onderrigpad aan ons universiteit.

Tydens die Padkossessies kry deelnemers die geleentheid om te luister na kollega(s) se gebruik van innoverende idees rondom 'n bepaalde tema dié dag. 'n Kort bespreking en vraag-antwoordsessie, en die beskikbaarstel van relevante literatuur, vul die sessie verder aan. Deelnemers kan ook aandui of hulle – as deel van 'n gefokusde belangegroep – die spesifieke onderwerp in meer diepte wil bespreek.

Die FIG-deelnemers kan besluit hoe en wanneer hulle wil ontmoet en die ontmoetings kan 'n verskeidenheid aktiwiteite insluit. Moontlike uitsette van die FIG kan aksienavorsingsprojekte op die aanbied van 'n werkswinkel tydens die jaarlikse SOL Lente-akademie wees. 'n FINLO-aansoek kan dalk hieruit voortvloei met 'n daaropvolgende aanbieding tydens die jaarlikse konferensie oor Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL) en publikasie van bevindings in die elektroniese joernaal, *Kwaliteit Onderrig en Leer (KOL)*.

Om US-akademici tot publikasie en/of 'n aanbieding by 'n eksterne konferensie te ondersteun, word skryfgeleenthede gereël. Akademici kan ook besluit om verdere studies in Hoër Onderrig te onderneem.

Die eerste Padkossessie was einde Maart, die tweede op 20 April en die derde – op 25 Mei – is oor *Verryking van onderrig deur die insluit van diensleer in die module*, met mnr Jacob du Plessis (Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie) as spreker.

Net tien plekke is vir elke Padkossessie beskikbaar. Bespreek by Farrel Kleinsmith by fksmith@sun.ac.za of 021 808 3082 en besoek http://stbweb02.stb.sun.ac.za/sotl/auxin/index_afr.html vir meer inligting.



## *Rector honours top-performing first-years and their lecturers*

The Rector and Vice-Chancellor, Prof Russel Botman, recently hosted the annual Prestige Evening in honour of 2009's top-performing first-year students from each faculty. The faculties identified the 32 students.

Each one nominated the lecturer who made the biggest impact on his/her academic success and wrote a letter detailing how or why encountering this lecturer had contributed to the student's overall success. The lecturers in turn wrote letters to the students who nominated them.


Prof Magda Fourie, Vice-Rector: Teaching, emphasised two key themes that emerged from the student letters: the importance of lecturers exhibiting exceptional subject knowledge and showing a genuine concern for their students.

Matthew van der Walt, vice-chair of the Academic Affairs Council, underscored the importance of life-long learning for both students and lecturers who are involved in growing the academy.

The event was also attended by the inspiration behind the dinner, Dr Betty Siegel, professor emeritus from Kennesaw State University, as well as by SU deans, faculty representatives and other members of the university management.

**Left:** At the dinner were (at the back) Neil de Kock, Megan Zeelie, Prof Russel Botman, Rachelle Strydom, Prof Pierre Olivier, Themie Swart and Zanelle van Zyl, with (in front) Stephanie Hinteregger, Ivona Contardo and Lizelle van Rooyen.

## Ouddosent van Stellenbosch in Potchefstroom aangestel



'n Afgetrede US-dosent in teologie, dr Rian Prins (foto), is vanaf 1 Maart buitengewone professor in praktiese teologie aan die Noordwes-universiteit. Hy word gereken as dié kenner van jeugpastoraat en die pastorale bediening van adolossente in Suid-Afrika.

Prof Prins het onder meer navorsingsprojekte begin oor die vernuwing van die kategese, postmoderniteit en jeugbediening, die effektiwiteit van kerklike jeugprogramme, knelpunte en leemtes rakende die invoering van die kindernagmaal en 'n diepgaande empiriese ondersoek oor die kerklik betrokke tiener.

In 1973 het prof Prins – voorheen predikant in vyf NG gemeentes – 'n doktorsgraad verwerf. Hy was verantwoordelik vir die aanbied van kategetiek en jeugsorg by die Stellenbosse teologiefakulteit en was ook lid van die International Association for the Study of Youth Ministry.

Met sy indrukwekkende lys publikasies – wat wetenskaplike artikels, handboeke en populêre artikels insluit – asook die getal afgestudeerde M- en D-studente onder sy leiding, was prof Prins 'n waardige kandidaat vir dié NWU-benoeming, waarin verdere navorsing 'n hoofkomponent is.

## *Teoloë en ekonome bespreek globalisering*



Onder die deelnemers aan 'n belangrike lesingsreeks oor "Teologie, ekonomie en ons globaliserende wêreld" wat die Fakulteit Teologie onlangs aangebied het, was (agter) prof Piet Naudé van die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, dr Robert Vosloo (US-dosent in Kerkgeskiedenis en Kerkreg, wat die byeenkoms gereël het) en prof Nico Koopman, aangewese dekaan van die Fakulteit Teologie. Voor: prof Heinrich Bedford-Strohm van Bamberg, Duitsland, ds Malcolm Damon (Economic Justice Network), dr Puleng LenkaBula van Unisa asook proff Ernst Conradie van die Universiteit van Wes-Kaapland en Stan du Plessis van die Departement Ekonomie aan die US. Dié reeks lesings het wye belangstelling uitgelok. Dr Bedford-Strohm het publieke teologie asook die ekonomie in globaliseringsverband bespreek. Prof Conradie het gepraat oor die kerk, die verbruikerskultuur en globalisering. Daar was ook 'n lewendige paneelbespreking oor die betekenis wat die Accra-verklaring van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in hedendaagse tye het. Dié verklaring skryf die wêreldwye omgewingskrisis toe aan ekonomiese faktore – veral in die konteks van globalisering. Dr LenkaBula, prof Naudé, ds Damon en prof Du Plessis was die paneellede vir dié bespreking.

# ADVERTENSIES/CLASSIFIEDS

**TE KOOP / FOR SALE**

**Te koop:** Boombas vir tuingebruik te koop. R30 per 50-liter sak. Sel: 083 991 7350

**Suiwer Heuning:** 500gr teen R25. Kontak Sas De Kock by 021 887 0988 of 084 823 8909.

**TE HUUR / TO LET**

**Strand:** Ruim 2-slaapkamer, 2-badkamer woonstel op Strandfront geleë. Panoramiese see-uitsig. Onmiddellik beskikbaar. Toesluitmotorhuis. Uitstekende sekuriteit. Tel: 021 853 6484 of 076 565 6251.

**Somerset-Wes:** Woonstel vir een persoon in veiligheidskompleks in stil area. Ongemeubileerd. Ruim slaapkamer met en suite badkamer, sit/eetkamer en balkon met pragtige uitsig, kombuis, private ingang, veilige parkering, ADT. Nie-roker. Geen studente. R3 100 per maand, water en elektrisiteit ingesluit. Skakel 021 855 4495 of 082 332 7220.

**VERBLYF / ACCOMMODATION**

**Stellenbosch:** Selfversorgende akkommodasie in Jonkershoekweg. Maks. 3 persone, R130-00 p.p.p.dag. Heerlik, gesellig en absoluut privaat. Ideaal vir besoekende ouers. Kom kyk gerus self, of besoek www.121jonkershoekroad.co.za Kontak 021 883 3104 of rdk@sun.ac.za

**SAAMRYKLUBS / LIFT CLUBS**

**Southern suburbs – Stellenbosch:** Lift needed:Southern suburbs to Stellenbosch. Please contact L. Rademeyer 021 887 3113 (office) or after-hours 021 797 9649, or email lr2@sun.ac.za

**Somerset-Wes – Stellenbosch:** Persoon met eie motor word gesoek vir saamryklub. Ma - Vr 08:00 tot 13:00. Kontak Alma by 021 808 2117 of informa@sun.ac.za of Vanessa by 021 808 2500 of vs@sun.ac.za

**Brackenfell – Stellenbosch:** I want to join a lift club to and from Stellenbosch daily. I live in Vredekloof, Brackenfell. Please contact me 021 808 9165.

**Kuilsrivier – Stellenbosch:** Saamryklub gesoek tussen Kuilsrivier en Stellenbosch. Beskik oor eie motor. Kontak: 021 808 4914 of mrichter@sun.ac.za

**Brackenfell – Tygerberg:** I would like to join a lift club to and from Tygerberg Campus daily. I stay in Vredekloof Heights, Brackenfell. Please contact Annie on 082 923 5150 or barker@sun.ac.za







**Die volgende uitgawe van *Kampusnuus* verskyn op 31 Mei 2010**

**Redakteur (wnd.):** Hans Oosthuizen
**Bladontwerp:** Heloïse Davis **Drukwerk:** Shumani Printers
**Advertensies:** Conita Henry, tel: 808 4632, e-pos: chenry@sun.ac.za
**Redaksionele bydraes aan:** Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: (021) 808 4851, faks: (021) 808 3800 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# University Choir in Endler Hall

## *Preparing for World Choir Games in China*

The Stellenbosch University Choir, conducted by André van der Merwe, will present a concert in the Endler Hall on Sunday afternoon 9 May. The programe will include works from the choir's repertoire for their participation in the World Choir Games in China in June.

At the World Choir Games in Austria in 2008, the Choir was crowned world champion in the performance of sacred music.

The choice of music for the Endler Hall concert will vary from sacred choral music to popular songs and contemporary choral music. The sacred music will include Bogoroditse Devo (*Ave Maria*) by Sergey Kvoshchinsky. Popular works will include Viva la Vida by Coldplay and Bohemian Rhapsody by Freddie Mercury, which have been arranged specially for choirs.

The last part of the programme will consist of contemporary works. Lojze Lebič from Slovenia composed a song called Zoper Kačji Pik, a spell against snakebite, according to folk tradition. Pēteris Vasks, born in Latvia, composed Carnival Song, using the sounds of words to create the atmosphere of a carnival.

Two works by André van der Merwe and Shakespeare's "Double Double Toil and Trouble" (arranged by Jaakko Mäntyjärvi) will round off the programme.

With 114 members now, this is the largest Stellenbosch University Choir in a decade!

The choir's Endler Hall concert on 9 May starts at 16:30. Tickets are available at Computicket. On Friday 30 April the choir will perform at the Welgelegen DRC Church in Stellenbosch, at 19:30. Enquiries: Lydia Meier at 021 808-2381 / 082 468 0652 or us_koor@sun.ac.za





## *Milestone for Music at SU*

Joachim Müller-Crepon (cello in front) with Jan-Hendrick Harley (viola) and violinists Annien van der Linde and Petrus Coetzee – members of the newly formed Stellenbosch University String Quartet who performed their inaugural recital in the Endler Hall earlier this month. It was the first in what will be known as the Stellenbosch University (SU) Quartet Concert Series, including four lunch hour concerts and four evening concerts. This year's series includes works by Beethoven, Mendelssohn, Shostakovich, Brahms, Wolf, Ravel and Schubert. Forming a student quartet of this calibre represents an important milestone for the Music Department and the Konservatorium, says Peter Martens, artistic administrator of the Konservatorium.

# *Honouring a leading South African writer*

The saying that a prophet is never honoured in her own land has been corrected – at least as far as Zoë Wicomb is concerned.

The Department of English has hosted an international conference on campus, entitled "The Cape & the Cosmopolitan: Reading Zoë Wicomb". Scholars and students from, amongst others, South Africa, Uganda, Tanzania, Botswana, Malawi, the UK and USA and Australia attended the event. The University of London's School of Oriental and African Studies (SOAS) was the co-host.

The guest of honour was Wicomb herself. As the writer of four highly acclaimed works of fiction, she is widely recognised as a leading South African writer. She has been based mostly in the UK since 1970. She is Emeritus Professor at the University of Strathclyde in Glasgow, and has been Visiting Professor Extraordinaire in the Department of English at SU for the past few years.

"Her input has left us with a valuable legacy that is certain to endure," Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, said at the closing dinner.

– Desmond Thompson



From left, Dorothy Driver (keynote speaker from University of Adelaide), Susan Kiguli (invited writer from Makerere University), Kai Easton (front; co-convenor of conference, SOAS, University of London), Abdulrazak Gurnah (back; keynote speaker from University of Kent), Meg Samuelson (convenor, Stellenbosch University) and Zoë Wicomb.

# SU Law experts edit book on equality

The book *Equality in the Workplace: Reflections from South Africa and Beyond,* edited by Prof Ockert Dupper and Mr Christoph Garbers of the Law Faculty, was launched at a function in Cape Town recently. The two guest speakers at the launch event were Justice Kate O'Regan, former justice of the Constitutional Court, and Prof Sir Bob Hepple, former Master of Clare College, Cambridge and a contributor to the book.

Justice Albie Sachs, a former justice of the Constitutional Court, and approximately fifty other guests – including judges, academics, practitioners and members of the diplomatic corps in Cape Town – also attended the book launch.

The contributions to the book were originally presented at a conference at the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) in September 2008. About 100 prominent international and local experts attended this conference. They included Professor Sir Bob Hepple as well as professors Sandra Fredman (Oxford University), Manfred Weiss from Germany, Judy Fudge from Canada, Kamala Sankaran from India, Catherine Albertyn (Witwatersrand University), Paul Benjamin (Cape Town) and Charles Ngwena (Free State).

The Centre for International and Comparative Labour and Social Security Law (CICLASS) at the Stellenbosch Law Faculty hosted the conference, in cooperation with the Institute for Development and Labour Law at UCT and the Social Law Project at UWC. The Konrad-Adenauer Foundation (KAS) in Germany sponsored the event as well as the book, published by Juta Law.

# Greater Cape Town 'heading for disaster'

Human lives and livelihoods in greater Cape Town are not sustainable in the long run if urgent action is not taken to halt further environmental damage and lift people out of poverty.

This is the central message of *Counter-Currents: Experiments in Sustainability in the Cape Town Region*, a new book edited by Edgar Pieterse, the director of the African Centre for Cities at the University of Cape Town (UCT). "Cape Town is heading for disaster and is already in deep crisis if one cares to look close enough," Pieterse writes in his introduction. The book contains contributions by Mark Swilling (SU), Lisa Thompson-Smeddle, Martin de Witt, David Schmidt, Mokena Makeka, Andrew Boraine and another 20 experts.

"Nearly half of what is now Cape Town has been built in the last 25 years", yet this "has not been coupled to investments in the kind of urban infrastructure, energy and transportation systems that are appropriate for a world that is running out of atmosphere, water, oil and sinks for liquid, solid and airborne wastes," Swilling, programme coordinator of sustainable development planning and management in the School of Public Management and Planning of Stellenbosch University, writes in his chapter.

Some statistics in the book paint a dark picture: 40% of Cape Town's population, which has increased by a quarter since 1996, live below the poverty line (up from 25% in 1996); waste output has doubled the past 14 years, yet still only 14% of waste is recycled and only 7% of all the water that is consumed ends up being reused.

But *Counter-Currents* has a silver lining too. Various ways to bring about the necessary changes are presented – not as "easy or obvious solutions" but as proposals and approaches that undermine the convenient assumption that it can be "business as usual".

The authors do not stop at analysing environmental matters. The region's divisive politics have had a paralysing effect on efforts to improve living conditions. It turns out many of the projects and initiatives in this book were commissioned by the City of Cape Town and the Western Cape Provincial Government, but were never actually implemented.

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of SU, praised *Counter-Currents* in a submission to a panel discussion at the Cape Institute for Architecture on 6 April. "This book takes the dialogue about alternatives into the public domain in a wonderfully accessible way. The drawings, diagrams, pictures and presentation of the book have a popular appeal, but the content is serious and significant."

■ *Counter-Currents: Experiments in Sustainability in the Cape Town Region*, edited by Edgar Pieterse, published by Jacana Media, ISBN 978-1-77009-795-7, hardcover, 273 pages.

– Desmond Thompson


# BOEKE / BOOKS




### HENDRIK M. GOUDAPPEL 'READER' OVER DE URBANISTIEK EN PLANOLOGI

Redakteur: Prof JJ Steÿn

Hierdie bundel bevat 14 van Goudappel se belangrikste publikasies oor die Urbanistiek soos wat dit in Nederlands (13) of Engels (1) verskyn het. Die samesteller is prof. Das Steÿn van die Universiteit van die Vrystaat (UV), voormalige voorsitter van die Departement Stads- en Streekbeplanning en tans redakteur van *Stads- en Streekbeplanning*. Hy doen in 1983 navorsing oor Inspraak onder Goudappel se leiding aan Eindhoven en verwerf 'n PhD aan die UV oor "Publieke deelname as 'n kulturele determinant in beplanning binne die denkkader van die urbanistiekkonsep". Hy vind die urbanistiekkonsep handig en kreatief by probleemoplossing en het dit in die afgelope 25 jaar gebruik in sy navorsing asook om te doseer as deel van beplanningsteorie aan die UV se nagraadse opleiding vir beplanners.




### HISTORIA PERSECUTIONIS

Author: Dr NP Swartz

The persecution by Vandals of Catholic Christians in North Africa is recounted by various authors: Victor of Vita's *Historia Persecutionis*, Rufinus of Aquilia's translation of Eusebius's *Historia Ecclesiastica*, Lactantius's *De Mortibus Persecutorum*, Prudentius's *Liber Peristephanon* and Gregory of Tours' *Gloria Martyrorum*. Victor's *Historia Persecutionis* played a key role in the history of the Vandals in North Africa. In this book the *Historia Persecutionis* is judged from a historical perspective, events recounted as they actually occurred; also taking into account the contemporary demands for historiography. The *Historia Persecutionis* recounts the persecution of the Christians during the reigns of the Vandal kings, Gaiseric and Huneric, from 429 to 489 A.D. It is not a history of the Vandals as such, but it highlights the didactic value of the martyr accounts by portraying martyrs as role models for Christians and non-Christians.

These titles are available from African SUNMeDIA Pty (Ltd)

www.africansunmedia.co.za   www.sun-e-shop.co.za   africansunmedia@sun.ac.za   (021) 808 2401   (021) 808 2626

# Slypskool in drama bevorder Afrikaans op skool

Die US Taalsentrum se Eenheid vir Afrikaans en Engels bied vanjaar al vir die sesde keer 'n reeks slypskole aan saam met, en op inisiatief van, die Vriende van Afrikaans (VVA).

Op uitnodiging van die Hoër Meisieskool Bloemhof is 'n slypskool onlangs weer daar aangebied. Daar is jaarliks ook minstens drie slypskole buite Stellenbosch. Paarl en Malmesbury was onlangs aan die beurt en een word in Julie in Piketberg beplan.

Sedert die slypskole begin is, doen fasiliteerders van dié eenheid die harde werk onder Collena Blanckenberg se leiding. Soos by die vorige slypskole het Amanda de Stadler en Phia van der Westhuizen van die VVA onlangs weer reëlings en administrasie behartig en onder meer omliggende skole genooi. Die VVA het weer uitgawes vir die onlangse slypskole geborg.

Suzanne Ross, Vernita Beukes, Zaan Bester en Jacqui Rudman het die slypskool onlangs by Bloemhof saam met Collena aangebied. Haar besonderse aanbiedingstyl met die inleiding tot die groepsessies het almal geesdriftig laat deelneem. Later moes hulle saam met hul fasiliteerders die tonele en dialoog beplan en skryf. Die leerders het nuwe vriendskappe gesluit, inhibisies oorbrug en saam besluit wie verskillende rolle moes vertolk.

Dié middag is hul harde werk op die verhoog aangebied – tot die verbasing van hul onderwysers. Leerders wat dié oggend min of geen Afrikaans kon praat nie, het hul maats beïndruk met hoe hulle met oorgawe in Afrikaans kon deelneem!

Daar word nou beoog om dié uitstekende leerervaring in Afrikaans ook te neem na hoër skole en/of onderwysstudente in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase waar drama in grade 10-12 deel van die kurrikulum is.





**Heel links:** Met 'n katmasker haal Collena alles uit om die leerders te inspireer.

**Links:** 'n Graad-sewetjie se stralende gesig wys hoe hy dit geniet.

# *American diversity experts share their experiences*




Dr Jerome van Wyk, SU's Director for Employment Equity and Diversity, with American experts Prof Mary Kay Tetreault (left) and Prof Francis A Maher, who spoke on campus about their experiences when they did research for their book *Privilege and Diversity in the Academy* – about the intersectionality between race and gender, and how it relates to higher education institutional culture. They researched the 40-year process by which American universities diversified their former all white and all male faculties.

# *Maties receive international accreditation*

Twenty students who recently completed the University's Postgraduate Diploma in Financial Planning have received their accreditation as Certificate Financial Planners (CFP) at the annual induction ceremony of the University and of the Financial Institute of South Africa (FPI).

The University partners with this institute to offer formal postgraduate qualifications that give access to FPI membership and the global CFP accreditation.

The CFP Certificate, regarded as the pinnacle in financial planning qualifications, enables financial planners to be recognised as competent in financial planning and eligible for the CFP accreditation. At the induction ceremony in Stellenbosch, FPI vice-chairperson Mr Solly Keetse praised the University for its role in providing a secure future for these new financial planners.




Hester de Villiers, Rudie Botha and Maria Agenbach, the top students in this year's CFP accreditation exams.



# *In 'n gesonde gees!*

Kampusgesondheidsdiens se personeel wys hoe hulle elke week Sokkervrydag vier om in die gees te kom vir die komende Wêreldbekertoernooi. Agter is Dorothy Carolissen, dr Pierre Viviers, Marissa Groenewald en dr Craig Thompson met (voor) suster Rachel Hendricks, dr Lynne Julie, Nirell Lindoor, Valdene Southon, Brenda Chordnum en Esther Macikiciki. Watter ander US-afdeling se personeel spog ook almal só met 2010-sokkerhemde?

